NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

8 Maart 2020

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Rian Steenkamp. Lydenstyd 4. **Joh 4 : 1-26.** *Die watergat-ontmoeting.*
2. **Kleuterkerk** (3-6 jr) en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die koffiekroeg vir poppekas tydens die erediens.
3. **Baie geluk – met belydenis van geloof vandag:** Sean Verrynne, Adrian Koster, Jacques Homan, Ruan Arlow en MC Steenkamp.
4. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5,6 (Kamer 2), Gr 7,8 (Afdak), Gr 9, 10 (Konsistorie), Gr 11 (Kapel) nadat hulle die erediens verlaat het.
5. **Welkom! Nuwe lidmate** meld asseblief na die erediens by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

22 Mrt	Lydenstyd 5
29 Mrt	Lydenstyd 6
5 Apr	Groot Lydensweek … Donderdag 19:00 (Tafelstories); Vrydag 09:00 (Nagmaal)

2. **Lekkerkuierklub:** Woensdag **18 Maart om 12:00** in die kerksaal vir ons senior en afgetrede lidmate. 'n Kort gesprek oor slaggate met boedels en testamente voordat ons saam kuier.
3. **Datums om te merk in die kwartaal wat kom:**
   - **4 Weke van Wintersorg** begin op **Sondag 17 Mei**. Elke week fokus op een van die aksies met wie ons as Voetspore-projek saamwerk. Meer inligting volg later.
   - **Kuier- en Proe-aand** … waar ons kook en kuier … **Vrydagaand 29 Mei.** Haal solank daardie resep uit wat almal altyd vra. Merk die datum nou reeds.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

15/03 Meghan Green, Davè Griesel
17/03 Jesse Koster
18/03 Piet Homan, Ruben Pretorius, Erica Swart
19/03 Ryden van den Berg, Elliott Viljoen
21/03 Tonie Schnuir, Wiehann Theron

FAMILIE-FOKUS … HUWELIK EN GESIN

Huweliksgroei en gesinsbou is een van Randburg se kernwaardes en hierdie rubriek sal voortaan gereeld iets sinvol vir egpare en ook die gesin aanbied. Ons glo 'n huwelik wat gesond is en bly groei skep die ruimte vir kinders om veilig te ontwikkel en gelukkig te leef. Elke huwelik en gesin is uniek en die inhoud kan na behoefte verwerk word. Die inhoud van die rubriek word twee-weekliks bygewerk.

Kommunikasie in die huwelik. Hoekom die bohaai oor kommunikasie? Want 'n suksesvolle huwelik bestaan uit twee individue met verskillende behoeftes, begeertes en emosies en vir die huwelik om te werk, moet jy in voeling wees met jou maat s'n. Hoe doeltreffend kommunikeer julle? Geen paartjie is perfek nie en almal kan hul kommunikasievaardighede verfyn. Hier is 6 maniere:

1. **Laat jou maat WAARDIG voel:** Vir albei partye om waardig te voel in die huwelik, moet jy en jou maat voel julle word raakgesien en gehoor. *Maak seker jy is werklik teenwoordig terwyl jou maat praat* (skuif die selfoon eenkant) en herhaal wat jou maat sê om seker te maak jy hoor en verstaan hom/haar reg.
2. **Los die wit LEUENTJIES:** Dit klink dalk vanselfsprekend, maar baie paartjies dink wit leuentjies is verskoonbaar maar klein leuentjies groei groter en word meer. Natuurlik is daar verskillende maniere waarop jy nuus kan oordra. Voor jy praat, plaas jouself in jou maat se skoene. En eerlikheid wat op die regte manier oorgedra word is altyd die beste keuse.
3. **Moenie jou maat SIMPEL laat voel nie:** Sommige paartjies het 'n ongewone dinamiek. Hulle 'hap' mekaar en terg mekaar en sarkasme is deel van hul liefdestaal. Maak seker dat jy nooit jou maat verkleineer nie. Niemand is in 'n argument om dit te wen nie.
4. **Praat oor koeitjies, kalfies én RENOSTERS!** 'n Goeie huwelik is 'n kombinasie van *small talk* en diep gesprekke. Vir julle om 'n diep, emosionele verbintenis te behou, moet julle saam kan laf wees, maar julle moet ook die dieper vrae vra. So werk ons aan wedersydse vervulling.
5. **Moenie gras onder jul VOETE laat groei nie:** Konflik moet onmiddellik opgelos word. Wanneer dit so gedoen word is die kanse die heel beste dat julle dit op 'n beskaafde, volwasse manier kan bespreek, sonder dat die argument hand-uitruk.
6. **Kies jou tyd soos 'n MEESTER!** Doeltreffende kommunikasie vra 'n goeie aanvoeling vir tydsberekening. Wanneer jy jou diepste teleurstelling gedurende die advertensie-gleuf in 'n rugbywedstryd bespreek, gaan jy éérs diep teleurgestel word! Kies jou tyd reg.

Hoe weet ons of ons genoeg kommunikeer? Dit is seker 'n saak van kwaliteit eerder as kwantiteit (*hoewel kwantiteit ook belangrik is*). Maak net seker jul gesprekke is doeltreffend!

Vir gesprek saam met die kinders:

Kom ons praat met mekaar oor 3 of 4 foto's op ons selfone. Wat is spesiaal daarvan? Luister na mekaar se gevoelens en gedagtes om iets te verstaan van hoe ons na die wêreld om ons kyk, wat belangrik is en waarom dit so is. *Kom ons praat elkeen oor een ding wat vir ons sleg is*: Elkeen kry kans om klaar te praat en mag nie onderbreek word nie. Die ander kry dan kans om te vra sodat ons seker maak ons hoor en verstaan regtig presies hoe die ander voel. So kan ons nader aan mekaar groei.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 15 Maart – Eksodus 17 : 1 - 7

1. **Stil word en aanbidding**: Neem die afgelope week in oënskou. Dink terug aan oomblikke waar jy liefde ontvang of gegee het. Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid? Dink oor die hoogte- en laagtepunte van die dag. Steek 'n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.

2. **Woord:** Die lees van Israel se geskiedenis ontsluit iets van die menslike natuur, maar ook van God se wese … hoe Hy met die mens bemoeienis maak en met hom saamloop in oneindig genade en trou. God se wonderbaarlike sorg en voorsiening vorm die agtergrond van Eks. 17. Die ontevrede volk maak rusie met Moses. Die Israeliete se gebrek aan geloof en vrees kom hier op die voorgrond. Lees nou gerus wat verder gebeur het in Eksodus 17 : 1-7.

3. **Gesprek:**
   - Vertel vir mekaar toe jy jou in 'n situasie van lewe of dood bevind het. Vertel in breë trekke wat presies gebeur het. Hoe het jy gevoel? Hoe het jy in daardie omstandighede gereageer? Wat het jy gesê, gedink en gedoen?
   - In Eks. 17 is die Israeliete en hulle leier Moses vasgeloop in 'n situasie van lewe en dood. Die klimaks van die volk se klag is die twyfel of God nog by hulle teenwoordig is. Watter van hierdie elemente van mense se reaksie in krisis omstandighede het jy ook al beleef? Hoe behoort volgelinge van Jesus in situasies van lewe en dood op te tree? Wat behoort Jesus-volgelinge te doen en watter slaggate moet hulle vermy?
   - Bespreek hoe die trou en sorg van die Here God hier in Eks. 17, maar ook in julle krisis situasie merkbaar was. Om die waarheid te sê, is die hele Eksodus-boek die verhaal van God se troue sorg en teenwoordigheid. Wat het God se teenwoordigheid vir jou beteken?
   - Vantevore het die Here manna op wonderbaarlike wyse voorsien. Hier vind nog 'n wonderwerk plaas as die Here water voorsien. Hierdie keer deur bemiddeling van Moses. Probeer julle indink wat dit van Moses geverg het om die Here se opdrag hier uit te voer, naamlik om met sy kierie teen die rots te slaan. Wat verlang die Here van sy navolgers in sulke lewe-en-dood-situasies?
   - Met watter konkrete behoefte wil jy na die Here kom en dit voor Hom lê?

4. **Gesin gesprek:** Dit is maklik om vir God te vertrou wanneer dinge goed gaan. Beleef jy / julle dit ook so? Hoe weet mens God is daar, wanneer dinge skeef loop? Wat kan mens doen om dit te onthou / jouself daaraan te herinner?

Ons vergeet so gou van die kere toe God vir ons gesorg het. Ons vergeet so gou van die groot goed waarin God vir ons deurgekom het. Ons vergeet sou gou van die klein *(alledaagse*) dinge waarin God vir ons voorsien. Speel hierdie week: *Onthou jy toe God vir ons … gee elkeen kans ons hierdie sin klaar te maak.*

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Pam Gouws** (082 631 0140), **Di Hart** (083 226 5486), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hein Smit** (078 408 5318), **Fanie Grobler** (083 659 5833), **Leon Mereis** (079 490 0853), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ondergaan weer intensiewe chemo-terapie.
   - **Herstel van operasies: Rita de Lange** (083 415 5655) – skouer-vervanging; **Leandi Greeff** (083 383 7351) – heup-vervanging; **Maureen Lottering** (083 377 4749) – oog-prosedure.
   - **Hospitalisasie: Pat Ferreira** (082 905 7619) word steeds in Olivedale versorg met verskeie komplikasies na 'n heup-operasie. **Kobus Stone** (082 556 9874) is ook verswak en word in Olivedale behandel.

GEBED VIR LYDENSTYD

Help ons Here in hierdie Lydenstyd
Om te vas van kritiek en om lofwoorde te vier
Om te vas van bitterheid en om vergifnis te vier
Om te vas van kwaadwillige praatjies en om swye te vier
Om te vas van wanhoop en om hoop te vier
Om te vas van kla en waardering te vier
Om te vas van selfsug en om diens te vier
Om te vas van woede en om geduld te vier
Om te vas van selfbejammering en om deernis te vier
Om te vas van ontevredenheid en om dankbaarheid te vier
Om te vas van vrees en om geloof te vier.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.